INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

# AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL: VRAESTEL II

# NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 100 punte

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

IEB Copyright © 2023

## AFDELING A DRAMA (Verpligtend)

**LITERÊRE OPSTEL:** 'n Diskursiewe genre wat ten doel het om 'n idee of standpunt te verdedig; ook poog dit om 'n sekere onderwerp te analiseer en te interpreteer op grond van logiese redenasies. Die drama- en/romanvraag kan dus beredenerend OF betogend wees.

**VRAAG 1** *Die dag is bros* (Wessel Pretorius)

Die onderstaande rubriek word gebruik om die literêre opstel oor die drama te assesseer.

**LET WEL** Die beskrywings op die rubriek dien nie as 'n afmerklysie nie, maar moet eerder as riglyne ingespan word.

| Vlak | % | 35 | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| 7++ | 100 | 35 | **VOLMAAK**<br>'n Verhewe respons wat volkome aan die verwagtinge van 'n literêre opstel voldoen en boonop verras met die uitsonderlike wyse waarop die opdrag benader en gedryf word. 'n Sterk individuele stem wat akademiese register, uitmuntende taalgebruik en struktuur naatloos inspan om die doel te tref. |
| | | | • 'n Opstel wat volpunte verwerf, het selfs groter diepte en reikwydte as 'n vlak (7+)-opstel.<br>• Die kandidaat vertoon die uitsonderlike vermoë om 'n standpunt/argument wat akademies verhewe is, te ontwikkel.<br>• 'n Uiters gesofistikeerde benadering tot die onderwerp is waarneembaar.<br>• Diepsinnige kennis en insig in die teks asook in literêre teorie is nie net waarneembaar nie, maar word ook op vernuftige wyse met die opdrag in verband gebring.<br>• Aanhalings is krities geselekteer en met uitstaande vernuf ingeweef om 'n sterk argumentlyn – wat die verwagtinge oortref – op 'n skerp wyse te dryf.<br>• Die skryfstyl is elegant, oorspronklik en treffend en die kandidaat se eie stem is helder, doelgerig en selfversekerd.<br>• Die goue draadjie is fyn ingeweef om uitmuntende samehang te bewerkstellig.<br>• Die inleiding skep grootse verwagtinge en die slot dien as 'n uitstekende samevatting – meer nog: dit bied stof tot nadenke en rond die skryfstuk af.<br>• Uitmuntende taalgebruik, woordeskat en toon werk mee om aan die respons trefkrag te gee en dien terselfdertyd as slim instrumente om die doel te bereik.<br>• Dié opstel is foutloos en volmaak! |
| 7+ | 99–90 | 34<br>33<br>32<br>31,5 | **UITSTAANDE/BRILJANT**<br>Die respons kan beskryf word as boeiend, weldeurdag en indrukwekkend. Dit vertoon gesofistikeerde beredenering/betoging en denke. 'n Seflversekerde, intelligente brein is hier aan die werk. |
| | | A+ | • Die kandidaat se insig in die onderwerp asook die voorgeskrewe teks is uitstaande ingeweef in die struktuur en samehang van die opstel.<br>• Uitsonderlike vermoë om inligting te selekteer om 'n hoogs intelligente standpunt/argument te artikuleer.<br>• Die kandidaat toon indiepte kennis en kan byvoorbeeld die teks/literêre teorie betrek wat die kandidaat se verfynde kennis, insig en begrip belig.<br>• Die kandidaat is daartoe in staat om kritiese, relevante en konsekwente verbande tussen die onderwerp en die teks te trek en handhaaf 'n oortuigende, gesofistikeerde redenasie wat logies progresseer.<br>• Handhaaf volgehoue fokus op die kernkwessies van die vraag en alle aspekte van die opdrag/onderwerp verdien aandag op 'n onderskeidende wyse.<br>• Aanhalings/bewyse versterk 'n fyn verweefde argument en is naatloos geïntegreer.<br>• Die kandidaat se eie stem is skitterend en sy/haar eie siening is kreatief.<br>• Besonderse sin vir struktuur en samehang.<br>• Buitengewone en gefokusde inleiding en slot wat dieper insig toon.<br>• Uitstekende paragraafoorgange.<br>• Skryfwerk reflekteer 'n indrukwekkende beheersing van register en woordeskat.<br>• Afgeronde taalgebruik en spelling. Byna foutloos.<br>• Gepaste styl (hetsy beredenerend of betogend) wat betekenis op uitnemende wyse versterk.<br>• Die skryfstyl is buitengewoon onderhoudend en 'n voorreg om te lees. |

IEB Copyright © 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| **7** | **89–80** | **31**<br>**30**<br>**29**<br>**28** | **UITSTEKEND/WAARDIG**<br>'n Onderskeidingsopstel wat baie goed gestruktureerd is. Helder beredenering/ betoging en denke. Baie goeie interpretasie van die onderwerp en selfs oorspronklik. |
| | | A | • Die respons is doelgerig en die standpunt/argument is deeglik ontwikkel.<br>• Alle aspekte van die opdrag/onderwerp geniet sorgsame aandag.<br>• Die kandidaat vertoon 'n deeglike, akkurate en oortuigende kennis van die teks.<br>• Waardige bewyse van die kandidaat se eie stem en/of goeie insigte.<br>• Standhoudende teksverwysings wat die argument versterk.<br>• Die kandidaat handhaaf volgehoue fokus op die kernkwessies ter sprake. (Geen onnodige herhalings kom boonop in die respons voor nie.)<br>• Die kandidaat is daartoe in staat om sterk en relevante verbande tussen die opdrag, die teks en sy of haar eie argument te trek om sodoende 'n oortuigende, logiese en progressiewe respons te lewer.<br>• Eiesoortige en gepaste inleiding, slot en struktuur/paragrafering.<br>• Struktuur en samehang baie goed.<br>• Goeie uitdrukkingsvermoë, woordeskat en register.<br>• Baie goeie taalgebruik en spelling (dalk netelige foutjies).<br>• Die skryfstyl is onderhoudend en dit is 'n plesier om te lees. |
| **6** | **79–70** | **27,5**<br>**26**<br>**25**<br>**24,5** | **VERDIENSTELIK/EFFEKTIEF**<br>Die respons is effektief en oor die algemeen baie goed. Bogemiddelde interpretasie van die onderwerp met voldoende tekskennis en 'n bevredigende redenasielyn. |
| | | B | • 'n Verdienstelike respons met sinvolle fokus op die opdrag (selfs al is daar nie deurgaans balans in die bespreking van die verskillende aspekte nie).<br>• 'n Bevredigende standpunt/argument – ten spyte van leemtes in die verdere ontwikkeling daarvan.<br>• Die redenasie word versterk deur voldoende aanhalings/verwysings vanuit die teks.<br>• Akkurate kennis en voldoende begrip van die teks.<br>• Logiese denke en 'n duidelike struktuur (hoewel sekere leemtes mag voorkom).<br>• Relevante konneksies tussen die onderwerp, die teks en die kandidaat se argument.<br>• Die kandidaat se persoonlike benadering is waarneembaar.<br>• Goeie inleiding, slot en struktuur/paragrafering.<br>• Goeie beheer oor taalkonvensies asook goeie woordeskat en gepaste register.<br>• Die taal- en stylfoute wat voorkom, tas nie die leesbaarheid van die opstel aan nie.<br>• Die skryfstyl is effektief en dit lees vlot. |
| **5** | **69–60** | **24**<br>**23**<br>**22**<br>**21** | **AANVAARBAAR/GEMIDDELD**<br>'n Gemiddelde respons met 'n algemene/voorspelbare en breë bespreking. Die onderwerp word begryp en die tekskennis is akkuraat – al is dit 'n reproduksie van geleerde werk. |
| | | **23,5** = Gemiddeld | • Die kandidaat neem 'n standpunt in.<br>• Die meerderheid aspekte van die onderwerp is betrek: 'n aspek is dalk misverstaan/agterweë gelaat.<br>• Die argument is bevredigend, maar verdien in sekere opsigte nog ontwikkeling of versterking.<br>• Die kandidaat beskik oor aanvaarbare kennis van die teks – hoewel teksverwysings nie deurgaans relevant is nie en/of nie met die argument geïntegreer word nie.<br>• Aanhalings en/of direkte, spesifieke verwysings na tekste word nie altyd effektief gebruik nie.<br>• Dalk enkele of sporadiese bewyse van kandidaat se eie stem en denke, maar oorspronklikheid ontbreek.<br>• Struktuur met paragrawe is teenwoordig, maar leemtes kom voor.<br>• Algemene inleiding en slot.<br>• Woordeskat geskik, maar taalfoute begin betekenis beïnvloed.<br>• Die skryfstyl is oor die algemeen heel goed en dit lees gemaklik hoewel stilistiese swakhede soms voorkom. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **4** | **59–50** | **20,5<br>20<br>19<br>18<br>17,5** | **BASIES/ONDERGEMIDDELD**<br>'n Poging om die vraag te beantwoord, maar die redenasie is onontwikkeld en die opstel is ondergemiddeld. |
| | | | • Gedeeltelike begrip van die onderwerp./Vae verwysings na die onderwerp.<br>• Standpunt/argument is basies: vraagstelling word herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik/onvolledig./Die redenasie is nie altyd logies, suksesvol of gefokus nie.<br>• Poging om argument te ondersteun – maar meestal deur gepaste dele van die storie.<br>• In sommige gevalle waar storievertelling nie voorkom nie, is teksverwysings lukraak of selfs onakkuraat.<br>• Redelike kennis van die teks.<br>• Die kandidaat se persoonlike siening kom nie effektief na vore nie.<br>• Struktuur en paragrafering is net voldoende of selfs nie deurgaans duidelik nie.<br>• Inleiding en slot is eendimensioneel.<br>• Samehang is nie heeltemal geslaagd nie./Die aanbieding is lomp, maar die kandidaat kan van sy/haar idees weergee.<br>• Beperkings ten opsigte van woordeskat en register.<br>• Beperkte sinsbou en/of sintaktiese wisselings./Onnodige herhalings word aangetref.<br>• Taalgebruik verbeeldingloos en onkonsekwent/bevat heelwat foute.<br>• Die skryfstyl is redelik aanvaarbaar/basies – heelwat leemtes is merkbaar. |
| **3** | **49–40** | **17<br>16<br>15<br>14** | **GEBREKKIG/OPPERVLAKKIG**<br>'n Gebrekkige respons wat poog, maar sukkel om die vraag te beantwoord. Bewyse dat die teks gelees is, is merkbaar. Plek-plek onlogies, maar kan net-net slaag. |
| | | **14** = slaag | • Onderwerp dalk misverstaan of swak argumentering – hoewel gepoog is om opdrag te betrek.<br>• Die standpunt/argument word nie volgehou nie en die kandidaat dwaal dikwels van die onderwerp af./Daar is nie ‘n duidelike redenasie nie, maar voorbeelde uit die teks word voorsien in ‘n poging om die vraag te beantwoord.<br>• Begrip van die teks is vaag en baie oppervlakkig. Leemtes in die interpretasie van die teks kom voor.<br>• Heelwat veralgemenings en/of herhaling van inligting kom voor.<br>• Foute – wat die respons benadeel – kom in die teksverwysings voor.<br>• Teksverwysings is yl. Storievertelling kan oorheers – dalk nie eers deurgaans relevante dele van die storie nie.<br>• Swak struktuur en samehang.<br>• Ongeslaagde paragrafering, maar darem 'n lukrake paragraafindeling.<br>• Inleiding en/of slot onvoldoende en vereis verdere ontwikkeling.<br>• Nie werklik tekens van kandidaat se eie stem/denke/beplanning nie.<br>• Swak beheersing van taalkonvensies en spelling.<br>• Register onvanpas en/of skraal woordeskat.<br>• Die skryfstyl is gebrekkig en word gekenmerk deur foutiewe gebruik van basiese taalstrukture. |

IEB Copyright © 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| **2** | **39–30** | **13,5**<br>**12**<br>**11**<br>**10,5** | **VERWARREND/SWAK**<br>Die respons verdien nie 'n slaagpunt nie. 'n Swak opstel wat geen werklike kennis van die teks ten toon stel nie. |
| | | druip | • Bespreking van onderwerp is skaars merkbaar of baie dun./Die antwoord is vertellend van aard.<br>• Fokus dalk op een aspek van die opdrag – indien enigsins.<br>• Foutiewe argumentering kom voor en geen teken van beplanning of doel kom voor nie.<br>• Die kandidaat is nie in staat daartoe om 'n persoonlike opinie in te neem nie.<br>• Die kandidaat toon swak/onvolledige/foutiewe kennis van die teks.<br>• Nie werklike sinvolle teksverwysings waarneembaar nie en/of blote, irrelevante storievertelling word aangetref.<br>• Samehang is problematies; die struktuur is baie swak en verwarrend.<br>• Die inleiding en slot is niksseggend of ontbreek heeltemal.<br>• Die kandidaat se uitdrukkingsvermoë en woordeskat is swak.<br>• Swak beheer oor taalkonvensies en baie taalfoute is waarneembaar. /<br>• Die taalgebruik en register ondermyn die kandidaat se doel asook die vloeiende lees van die opstel. |
| **1** | **29–0** | 10<br>tot<br>7<br>—<br>6<br>tot<br>0 | **ONGESLAAGD/ONTOEREIKEND**<br>'n Lukrake poging om die vraag ter sprake te beantwoord.<br>'n Ongeslaagde/ontoereikende respons.<br><br>Geen poging om die vraag ter sprake te beantwoord nie.<br>'n Ongeslaagde/ontoereikende respons.<br>[0 = Opdrag/Vraag uitgelos.] |
| | | | • Heeltemal van die onderwerp af./Geen standpunt/argument waarneembaar nie./Onvanpaste respons op die onderwerp.<br>• Die respons is vaag en 'n gebrek aan fokus en begrip is waarneembaar in gefragmenteerde, irrelevante idees.<br>• Teksverwysings, indien enige, is lukraak en doelloos.<br>• Verwringing van teks of selfs algehele versinning.<br>• Struktuur is oor die algemeen vrot en eintlik afwesig.<br>• Die respons wemel van taal- of ander foute.<br>• Die kandidaat is onbewus van die geskikte register.<br>• Ontoereikende taalgebruik en 'n arm woordeskat.<br>• Die skryfstyl is heeltemal onaanvaarbaar/onverstaanbaar/selfs onleesbaar. |

IEB Copyright © 2023

## AFDELING B PROSA (Kies een uit vier prosavrae)

**VRAAG 2 of 3:** *Die verevrou* (Jan van Tonder)
**VRAAG 4 of 5:** *Die Dag van die Lord* (Johan Kruger)

*Tel ook 35 punte en word met bostaande rubriek nagesien.

## AFDELING C FILMSTUDIE (Verpligtend)

**VRAAG 6:** Eie keuse film; respons in die vorm van 'n mini-essay.

*Tel 30 punte en word met onderstaande rubriek (met punteverhoudings **uit 30**) nagesien.

**LET WEL** Die bekende rubriek van die IEB word aan die einde van die memorandum aangeheg ter wille van verwysing/kruiskontrole.

### FILMSTUDIEVRAAG UIT 30 PUNTE

| Vlak | % | 35 | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| 7++ | 100 | 30 | **VOLMAAK**<br>'n Verhewe respons wat volkome aan die verwagtinge van 'n literêre opstel voldoen en boonop verras met die uitsonderlike wyse waarop die opdrag benader en gedryf word. 'n Sterk individuele stem wat akademiese register, uitmuntende taalgebruik en struktuur naatloos inspan om die doel te tref. |
| | | | • 'n Opstel wat volpunte verwerf, het selfs groter diepte en reikwydte as 'n vlak (7+)-opstel.<br>• Die kandidaat vertoon die uitsonderlike vermoë om 'n standpunt/argument wat akademies verhewe is, te ontwikkel.<br>• 'n Uiters gesofistikeerde benadering tot die onderwerp is waarneembaar.<br>• Diepsinnige kennis en insig in die teks asook in literêre teorie is nie net waarneembaar nie, maar word ook op vernuftige wyse met die opdrag in verband gebring.<br>• Aanhalings is krities geselekteer en met uitstaande vernuf ingeweef om 'n sterk argumentlyn – wat die verwagtinge oortref – op 'n skerp wyse te dryf.<br>• Die skryfstyl is elegant, oorspronklik en treffend en die kandidaat se eie stem is helder, doelgerig en selfversekerd.<br>• Die goue draadjie is fyn ingeweef om uitmuntende samehang te bewerkstellig.<br>• Die inleiding skep grootse verwagtinge en die slot dien as 'n uitstekende samevatting – meer nog: dit bied stof tot nadenke en rond die skryfstuk af.<br>• Uitmuntende taalgebruik, woordeskat en toon werk mee om aan die respons trefkrag te gee en dien terselfdertyd as slim instrumente om die doel te bereik. Dié opstel is foutloos en volmaak! |

IEB Copyright © 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| **7+** | **99–90** | **29,5<br>28<br>27** | **UITSTAANDE/BRILJANT**<br>Die respons kan beskryf word as boeiend, weldeurdag en indrukwekkend. Dit vertoon gesofistikeerde beredenering/betoging en denke. 'n Seflversekerde, intelligente brein is hier aan die werk. |
| | | A+ | • Die kandidaat se insig in die onderwerp asook die voorgeskrewe teks is uitstaande ingeweef in die struktuur en samehang van die opstel.<br>• Uitsonderlike vermoë om inligting te selekteer om 'n hoogs intelligente standpunt/argument te artikuleer.<br>• Die kandidaat toon indiepte kennis en kan byvoorbeeld die teks/literêre teorie betrek wat die kandidaat se verfynde kennis, insig en begrip belig.<br>• Die kandidaat is daartoe in staat om kritiese, relevante en konsekwente verbande tussen die onderwerp en die teks te trek en handhaaf 'n oortuigende, gesofistikeerde redenasie wat logies progresseer.<br>• Handhaaf volgehoue fokus op die kernkwessies van die vraag en alle aspekte van die opdrag/onderwerp verdien aandag op 'n onderskeidende wyse.<br>• Aanhalings/bewyse versterk 'n fyn verweefde argument en is naatloos geïntegreer.<br>• Die kandidaat se eie stem is skitterend en sy/haar eie siening is kreatief.<br>• Besonderse sin vir struktuur en samehang.<br>• Buitengewone en gefokusde inleiding en slot wat dieper insig toon.<br>• Uitstekende paragraafoorgange.<br>• Skryfwerk reflekteer 'n indrukwekkende beheersing van register en woordeskat.<br>• Afgeronde taalgebruik en spelling. Byna foutloos.<br>• Gepaste styl (hetsy beredenerend of betogend) wat betekenis op uitnemende wyse versterk.<br>• Die skryfstyl is buitengewoon onderhoudend en 'n voorreg om te lees. |
| **7** | **89–80** | **26,5<br>26<br>25<br>24** | **UITSTEKEND/WAARDIG**<br>'n Onderskeidingsopstel wat baie goed gestruktureerd is. Helder beredenering/ betoging en denke. Baie goeie interpretasie van die onderwerp en selfs oorspronklik. |
| | | A | • Die respons is doelgerig en die standpunt/argument is deeglik ontwikkel.<br>• Alle aspekte van die opdrag/onderwerp geniet sorgsame aandag.<br>• Die kandidaat vertoon 'n deeglike, akkurate en oortuigende kennis van die teks.<br>• Waardige bewyse van die kandidaat se eie stem en/of goeie insigte.<br>• Standhoudende teksverwysings wat die argument versterk.<br>• Die kandidaat handhaaf volgehoue fokus op die kernkwessies ter sprake. (Geen onnodige herhalings kom boonop in die respons voor nie.)<br>• Die kandidaat is daartoe in staat om sterk en relevante verbande tussen die opdrag, die teks en sy of haar eie argument te trek om sodoende 'n oortuigende, logiese en progressiewe respons te lewer.<br>• Eiesoortige en gepaste inleiding, slot en struktuur/paragrafering.<br>• Struktuur en samehang baie goed.<br>• Goeie uitdrukkingsvermoë, woordeskat en register.<br>• Baie goeie taalgebruik en spelling (dalk netelige foutjies).<br>• Die skryfstyl is onderhoudend en dit is 'n plesier om te lees. |

IEB Copyright © 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| **6** | **79–70** | **23,5<br>22<br>21** | **VERDIENSTELIK/EFFEKTIEF**<br>Die respons is effektief en oor die algemeen baie goed. Bogemiddelde interpretasie van die onderwerp met voldoende tekskennis en 'n bevredigende redenasielyn. |
| | | B | • 'n Verdienstelike respons met sinvolle fokus op die opdrag (selfs al is daar nie deurgaans balans in die bespreking van die verskillende aspekte nie).<br>• 'n Bevredigende standpunt/argument – ten spyte van leemtes in die verdere ontwikkeling daarvan.<br>• Die redenasie word versterk deur voldoende aanhalings/verwysings vanuit die teks.<br>• Akkurate kennis en voldoende begrip van die teks.<br>• Logiese denke en 'n duidelike struktuur (hoewel sekere leemtes mag voorkom).<br>• Relevante konneksies tussen die onderwerp, die teks en die kandidaat se argument.<br>• Die kandidaat se persoonlike benadering is waarneembaar.<br>• Goeie inleiding, slot en struktuur/paragrafering.<br>• Goeie beheer oor taalkonvensies asook goeie woordeskat en gepaste register.<br>• Die taal- en stylfoute wat voorkom, tas nie die leesbaarheid van die opstel aan nie.<br>• Die skryfstyl is effektief en dit lees vlot. |
| **5** | **69–60** | **20,5<br>20<br>19<br>18** | **AANVAARBAAR/GEMIDDELD**<br>'n Gemiddelde respons met 'n algemene/voorspelbare en breë bespreking. Die onderwerp word begryp en die tekskennis is akkuraat – al is dit 'n reproduksie van geleerde werk. |
| | | **20** = Gemiddeld | • Die kandidaat neem 'n standpunt in.<br>• Die meerderheid aspekte van die onderwerp is betrek: 'n aspek is dalk misverstaan/agterweë gelaat.<br>• Die argument is bevredigend, maar verdien in sekere opsigte nog ontwikkeling of versterking.<br>• Die kandidaat beskik oor aanvaarbare kennis van die teks – hoewel teksverwysings nie deurgaans relevant is nie en/of nie met die argument geïntegreer word nie.<br>• Aanhalings en/of direkte, spesifieke verwysings na tekste word nie altyd effektief gebruik nie.<br>• Dalk enkele of sporadiese bewyse van kandidaat se eie stem en denke, maar oorspronklikheid ontbreek.<br>• Struktuur met paragrawe is teenwoordig, maar leemtes kom voor.<br>• Algemene inleiding en slot.<br>• Woordeskat geskik, maar taalfoute begin betekenis beïnvloed.<br>Die skryfstyl is oor die algemeen heel goed en dit lees gemaklik hoewel stilistiese swakhede soms voorkom. |
| **4** | **59–50** | **17,5<br>17<br>16<br>15** | **BASIES/ONDERGEMIDDELD**<br>'n Poging om die vraag te beantwoord, maar die redenasie is onontwikkeld en die opstel is ondergemiddeld. |
| | | | • Gedeeltelike begrip van die onderwerp./Vae verwysings na die onderwerp.<br>• Standpunt/argument is basies: vraagstelling word herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik/onvolledig./Die argument is nie altyd logies, suksesvol of gefokus nie.<br>• Poging om argument te ondersteun – maar meestal deur gepaste dele van die storie.<br>• In sommige gevalle waar storievertelling nie voorkom nie, is teksverwysings lukraak of selfs onakkuraat.<br>• Redelike kennis van die teks.<br>• Die kandidaat se persoonlike siening kom nie effektief na vore nie.<br>• Struktuur en paragrafering is net voldoende of selfs nie deurgaans duidelik nie.<br>• Inleiding en slot is eendimensioneel.<br>• Samehang is nie heeltemal geslaagd nie./Die aanbieding is lomp, maar die kandidaat kan van sy/haar idees weergee.<br>• Beperkings ten opsigte van woordeskat en register.<br>• Beperkte sinsbou en/of sintaktiese wisselings./Onnodige herhalings.<br>• Taalgebruik verbeeldingloos en onkonsekwent/bevat heelwat foute.<br>• Die skryfstyl is redelik aanvaarbaar/basies – heelwat leemtes is merkbaar. |

IEB Copyright © 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| **3** | **49–40** | **14,5<br>14<br>13<br>12** | **GEBREKKIG/OPPERVLAKKIG**<br>'n Gebrekkige respons wat poog, maar sukkel om die vraag te beantwoord. Bewyse dat die teks gelees is, is merkbaar. Plek-plek onlogies, maar kan net-net slaag. |
| | | **12** = slaag | • Onderwerp dalk misverstaan of swak argumentering – hoewel gepoog is om opdrag te betrek.<br>• Die standpunt/argument word nie volgehou nie en die kandidaat dwaal dikwels van die onderwerp af./Daar is nie ‘n duidelike redenasie nie, maar voorbeelde uit die teks word voorsien in ‘n poging om die vraag te beantwoord.<br>• Begrip van die teks is vaag en baie oppervlakkig. Leemtes in die interpretasie van die teks kom voor.<br>• Heelwat veralgemenings en/of herhaling van inligting kom voor.<br>• Foute – wat die respons benadeel – kom in die teksverwysings voor.<br>• Teksverwysings is yl. Storievertelling kan oorheers – dalk nie eers deurgaans relevante dele van die storie nie.<br>• Swak struktuur en samehang.<br>• Ongeslaagde paragrafering, maar darem 'n lukrake paragraafindeling.<br>• Inleiding en/of slot onvoldoende en vereis verdere ontwikkeling.<br>• Nie werklik tekens van kandidaat se eie stem/denke/beplanning nie.<br>• Swak beheersing van taalkonvensies en spelling.<br>• Register onvanpas en/of skraal woordeskat.<br>• Die skryfstyl is gebrekkig en word gekenmerk deur foutiewe gebruik van basiese taalstrukture. |
| **2** | **39–30** | **11,5<br>11<br>10<br>9** | **VERWARREND/SWAK**<br>Die respons verdien nie 'n slaagpunt nie. 'n Swak opstel wat geen werklike kennis van die teks ten toon stel nie. |
| | | druip | • Bespreking van onderwerp is skaars merkbaar of baie dun./Die antwoord is vertellend van aard.<br>• Fokus dalk op een aspek van die opdrag – indien enigsins.<br>• Foutiewe argumentering kom voor en geen teken van beplanning of doel kom voor nie.<br>• Die kandidaat is nie in staat daartoe om 'n persoonlike opinie in te neem nie.<br>• Die kandidaat toon swak/onvolledige/foutiewe kennis van die teks.<br>• Nie werklike sinvolle teksverwysings waarneembaar nie en/of blote, irrelevante storievertelling word aangetref.<br>• Samehang is problematies; die struktuur is baie swak en verwarrend.<br>• Die inleiding en slot is niksseggend of ontbreek heeltemal.<br>• Die kandidaat se uitdrukkingsvermoë en woordeskat is swak.<br>• Swak beheer oor taalkonvensies en baie taalfoute is waarneembaar. /<br>• Die taalgebruik en register ondermyn die kandidaat se doel asook die vloeiende lees van die opstel. |
| **1** | **29–0** | 8,5<br>tot<br>6<br>―――<br>5.5<br>tot<br>0 | **ONGESLAAGD/ONTOEREIKEND**<br>'n Lukrake poging om die vraag ter sprake te beantwoord.<br>'n Ongeslaagde/ontoereikende respons.<br><br>Geen poging om die vraag ter sprake te beantwoord nie. 'n Ongeslaagde/ontoereikende respons.<br>[0 = Opdrag/Vraag uitgelos.] |
| | | | • Heeltemal van die onderwerp af./Geen standpunt/argument waarneembaar nie./Onvanpaste respons op die onderwerp.<br>• Die respons is vaag en 'n gebrek aan fokus en begrip is waarneembaar in gefragmenteerde, irrelevante idees.<br>• Teksverwysings, indien enige, is lukraak en doelloos.<br>• Verwringing van teks of selfs algehele versinning.<br>• Struktuur is oor die algemeen vrot en eintlik afwesig.<br>• Die respons wemel van taal- of ander foute.<br>• Die kandidaat is onbewus van die geskikte register.<br>• Ontoereikende taalgebruik en 'n arm woordeskat.<br>• Die skryfstyl is heeltemal onaanvaarbaar/onverstaanbaar/selfs onleesbaar. |

IEB Copyright © 2023

## DIE IEB-rubriek – uit 30 punte (die puntetelling vir IEB-opstelle)

## INHOUDSPUNT uit 20: Lees altyd van bo na onder om vlak/band te bepaal

| Vlak | Inleiding, aanhalings, gevolgtrekking bepaal plek binne band | % EN PUNT |
|---|---|---|
| 7+ | **JA!!! ALMAL MOET DIT LEES!** 'n Intelligente brein is hier aan die werk. Onderwerp en argument tot nuwe vlak van interpretasie verhoog. Skok van genot. Teoretiese kennis gesofistikeerd. **FANTASTIES!/UITSTAANDE!** | 90–100%<br>18–20 |
| | ***Inleiding:*** *skep grootse verwagtinge + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: oorspronklik en oortuigend geïntegreer + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *stem tot nadenke en dieper/oorspronklike insig + ½* | Bv. 18 + ½ + 0 + ½ |
| 7 | **JA! EK MOET HIERVAN ONTHOU!** Oorspronklik; verbeeldingryk; stem tot nadenke; baie goeie interpretasie van onderwerp; skerp insigte. Begrip van tekstualiteit. **WAARDIG/BAIE GOED** | 80–89%<br>16–17½ |
| | ***Inleiding:*** *skep afwagting + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: baie interessant en goed geïntegreer + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *toon dieper insig + ½* | |
| 6 | **JA! EK STEM SAAM!** Belowend, oortuigend, interessante interpretasie van onderwerp, nuwe perspektief, toon insig, maar tog nie genoeg vir Vlak 7 nie. **VERDIENSTELIK/GOED** | 70–79%<br>14–15½ |
| | ***Inleiding:*** *skep verwagting van goeie oortuigingsvermoë + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: goed gekies en geïntegreer in aanbieding + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *stem tot nadenke + ½* | |
| 5 | **JA.** Onderwerp begryp. Bogemiddeld, maar sonder sprankel en oorspronklikheid. Reproduksie van geleerde werk. **GEWOON/TOON SUBSTANSIE** | 60–69%<br>12–13½ |
| | ***Inleiding:*** *kandidaat neem standpunt in + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: ondersteun standpunt + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *noem hoe eie standpunt bewys is en onderstreep slotsom + ½* | |
| 4 | **JA ... WAT.** Inhoud korrek; dog oninspirerend. Wys potensiaal, maar nie ontwikkel nie. Begryp die onderwerp, maar onopwindend en soms onoortuigend. Voorspelbaar. **GANGBAAR** | 50–59%<br>10–11½ |
| | ***Inleiding:*** *vraagstelling herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: raakpunte met standpunt aanwesig + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *gevolgtrekking uit vraag herhaal + ½* | |
| 3 | **MMM, Ja, maar EK WEET DAREM NIE ...** Idees baie voorspelbaar, tweedehandse respons (bv. volgens handleidings, maar misplaas). Onderwerp misverstaan en toon beperkte verbeelding. Min progressie van idees; swak argumentering; min bewys van beplanning. **ONDERGEMIDDELD** | 40–49%<br>8–9½ |
| | ***Inleiding:*** *verwys wel na vraag + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: aanwesig + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *hoewel nie volgens respons nie, maar wel volgens vraag + ½* | |
| 2 | **TELEURSTELLEND** Onoorspronklik; onrealisties; geen progressie van idees nie; foutiewe argumentering; onbeplan; verwarrend; respons verdien nie 'n slaagpunt nie. **ELEMENTÊR** | 30–39%<br>6–7½ |
| | ***Inleiding:*** *vraagwoorde genoem + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: waarneembaar, nie regtig sinvol nie + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *daar is 'n waarneembare einde + ½* | |
| 1 | **NEE!** Swak; tweedehands; kinderagtig/distorsie van teks; swak smaak; totale versinning; onverstaanbaar; verdien nie 'n slaagpunt nie. **ONGESLAAGD** | 15–29%<br>3½–5½ |
| | ***Inleiding:*** *waarneembaar + ½*<br>***Aanhalings/teksverwysings****: waarneembaar + ½*<br>***Gevolgtrekking:*** *waarneembaar + ½* | |

## FILMSTUDIE – Inhoudsmatriks: punt uit 10

**FILMSTUDIE: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10**

| **TEGNIESE AKKURAATHEID** / **STYL en STRUKTUUR: BETOGEND** | **7**<br>Taalbeheer uitstekend<br><br>Woordeskat helder en gesofistikeerd<br><br>Lengte perfek<br><br>Byna foutloos | **6**<br>Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe<br><br>Uitdrukkings-volle woordeskat<br><br>Lengte gepas<br><br>Netelige taalfoutjies | 5<br>Goeie sinskon-struksie<br><br>Goeie woordeskat<br><br>Lengte gepas<br><br>Min taalfoute | **4**<br>Sinskonstruksie redelik<br><br>Woordeskat geskik<br><br>Lengte kan pla<br><br>Taalfoute begin betekenis beïnvloed | **3**<br>Teenstrydige skryfwerk<br><br>Woordeskat voorspelbaar of vol clichés<br><br>Lengte pla<br><br>Taalfoute pla | **2**<br>Meestal onsinnig<br><br>Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief<br><br>Lengtevereiste is geïgnoreer<br><br>Herhaaldelike taalfoute | 1<br>Geheel en al onsinnig<br><br>Onverstaanbaar<br><br>Lengtevereiste is heeltemal geïgnoreer<br><br>Verwronge idioom |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **A+**<br>Betogende styl versterk betekenis op uitnemende wyse.<br>Register perfek vir akademiese idioom.<br>Struktuur en samehang buitengewoon goed. | ***90–100%***<br>9–10 | 9½ | 9 | | | | |
| **A**<br>Betogende styl ondersteun betekenis ten volle.<br>Register uiters gepas vir akademiese idioom.<br>Struktuur en samehang baie goed. | ***80–89%***<br>8½–9 | 8 | 7½ | | | | |
| **B**<br>Betogende styl ondersteun betekenis.<br>Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend.<br>Register goed en deurgaans volgehou.<br>Struktuur en samehang goed. | 8 | ***70–79%***<br>7½ | 7 | 6½ | | | |
| **C**<br>Betogend, maar nie volgehou nie.<br>Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms. | 7½ | 7 | ***60–69%***<br>6½ | 6 | 5½ | | |
| **D**<br>Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie.<br>Struktuur nie deurgaans duidelik nie.<br>Samehang minder geslaagd. | | 6½ | 6 | ***50–59%***<br>5½ | 5 | 4½ | |
| **E**<br>Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend.<br>Onvanpaste register.<br>Struktuur en samehang onduidelik. | | | 5½ | 5 | ***40–49%***<br>4½ | 4 | 3½ |
| **F**<br>Slordig, onsamehangend.<br>Register totaal onvanpas.<br>Struktuur en samehang feitlik afwesig. | | | | 4½ | 4 | ***30–39%***<br>3½ | 3 |
| **G**<br>Swak; deurmekaar; onleesbaar.<br>Geen struktuur of samehang te bespeur nie. | | | | | 3½ | 3 | ***0–29%***<br>0–2½ |

IEB Copyright © 2023